


# St. Lukas die Evangelis

## 18 Oktober

(1ste eeu)

Lukas word vereer as die skrywer van die Evangelie wat sy naam dra, asook die Handelinge van die Apostels. Hy was ongetwyfeld een van St. Paulus se medewerkers (waarskynlik uit 'n heidense agtergrond). Volgens oorlewering was hy 'n geneesheer. Hy fokus in sy werke veral op die teerheid en sagmoedigheid van Jesus en hy openbaar 'n duidelike voorkeur vir die armes en behoeftiges. Uit St. Paulus se brief aan Timoteus kan 'n mens aflei dat Lukas by hom was tydens sy laaste dae. Die heilige Lukas word tradisioneel vereer as die beskermheilige van geneeshere, chirurge en skilders. Die tradisionele simbool wat met dié Evangelis verbind word is die van 'n bul of kalf.

© Die Oratorium Uitgewery